DOCUMENTATION CENTRE
University of Durban-Westville
ACCESSION NO. 935/21
ARTICLE

# LANBOUONTWIKKELING IN DIE INDIER LANDELIKE GEBIED IN NATAL

## 1. HISTORIESE OORSIG

Die Indiërgemeenskap in Suid-Afrika het sy oorsprong te danke aan arbeidsprobleme wat gedurende die beginjare van die Suikerindustrie in Natal ondervind was. Wet 14 van 1859 het die invoer van Indiërarbeiders gemagtig en die „Immigrants Regulation Act No. 22" van 1913 het dit beeindig. Gedurende hierdie tydperk is groot getalle Indiërarbeiders en hulle gesinne uit Indië ingevoer. Terselfdertyd was daar ook 'n instroming van Indiërimmigrante, bekend as „passenger Indians", wat die land onder die gewone immigrasie wette binnegekom het. Laasgenoemde groep het hulle byna sonder uitsondering in die stedelike gebiede gevestig waar hulle besighede begin het.

Die meeste Indiërarbeiders het op die kusulakte in Suikerplantasies gaan werk. Aan die einde van hulle kontrakte was die oorgrote meerderheid nie bereid om terug te keer na Indië soos die koloniale owerhede verwag of gehoop het nie maar het hulle besluit om hulle permanent in Suid-Afrika te vestig.

Om diensvoorwaardes so aantreklik as moontlik te maak het die Koloniale owerhede Indiërarbeiders plasies gelyk in waarde aan hulle passaat na Indië aan die einde van hulle dienskontrakte belowe. Hierdie belofte is egter nooit nagekom nie uit vrees vir Blanke teenstand aangesien heelwat grond vir dié doel nodig sou wees. Indiërarbeiders was egter volgens 'n ooreenkoms tussen die koloniale owerhede en die Indiese Regering vanaf die begin toegelaat om enige plek in Natal grond aan te koop. Baie min arbeiders kon gedurende hulle dienstermyn voldoende geld spaar om van die groot plase wat toe nog 'n algemene verskynsel was aan te koop. Om hulle tegemoed te kom was daar sedert 1868 klein plasies (3 - 20 acre) vir voornemende Indiërboere vrygestel. Baie van die klein plasies wat vandag aan Indiërs behoort is nog van die wat oorspronklik vrygestel was en is nie die resultaat van onderverdeling weens bevolkingsdruk en beperkende maatreëls op grondbesit soos dikwels beweer word nie.

'n / .....

'n Belankrike feit wat dikwels verswyg word is dat Indiërs tot 1943 sonder enige beperkings in Natal grond kon aankoop. Die „Pegging Act" van 1943, die „Land Tenure Act" van 1946 en groepsgebied Wetgewing vanaf 1950 het eiendomstransaksies tussen persone van verskillende rasgroepe uiters moeilik gemaak. Dit was egter nie net op Indiërs van toepassing nie maar ook op Blankes, Bantoe en Kleurlinge.

Die konsentrasie van Indiërboere op die kusulakte was 'n logiese ontwikkeling aangesien meeste hulle dienskontrakte daar voltooi het. Verder het hulle boerderymetodes beter aangepas by die fisiese toestande in die kusstrook. Die aanvanklike konsentrasie van Indiërs op die kus het geneig om alle voornemende grondkopers gedurende die daaropvolgende jare na die gebied te lok. Die voorkeur aan die kusulakte is verder aangemoedig deur die feit dat die Blankes druk op die Koloniale Owerhede uitgeoefen het om Indiërgrondbesit tot hierdie deel van die Provinsie te beperk. Alhoewel dit nooit in wetgewing beliggaam is nie het dit tog 'n belangrike invloed op die vestiging van Indiërboere uitgeoefen. Die aanvraag na grond in Natal en in besonder op die kusulakte is verder gestimuleer deur wetgewing wat Indiërgrondbesit in Transvaal, Vrystaat en Kaapprovinsie verbied het en gevolglik kopers uit die dele na Natal gelok het.

Die tendense in bevolkingsgroei en -verbreiding word duidelik deur die volgende syfers geillustreer. Teen 1911 toe immigrasie gestaak is (sedert 1913 deur wetgewing gestop) was daar 152,309 Indiërs in Suid-Afrika waarvan 'n groot meerderheid (133,439) in Natal woonagtig was. In die sowat 50 jaar sedert immigrasie gestaak is het die Indiërbevolking meer as drievoudig toegeneem. In 1960 was daar 477,125 Indiërs in Suid-Afrika 95% in Natal woonagtig was. Ongelukkig is die jongste sensusgegewens nog nie beskikbaar nie. Die 1960 gegewens toon egter dat 52.7% van die Natalse Indiërs in Durban woonagtig was. Indien bevolkingsyfers vir die landelike gebied ondersoek word blyk dit dat die Noordkus (Landdrosdistrikte van Inanda en Lower Tugela) 57.4% van die totale Indiër landelike bevolking van die Republiek besit het.

Verder / .....

Verder is dit interessant om te noem dat Indiërs 70.7% van die totale bevolking of 67.2% van die totale landelike bevolking op die Noordkus uitgemaak het. Hierdie feite beklemtoon die belangrikheid van die Noordkus as Indiërwoongebied en boerderystreek en is ook die rede waarom ondersoeke wat tot dusver onderneem is en die res van my bespreking tot hierdie streek beperk is.

Die Indiërgemeenskap was vir 101 jaar sedert hulle aankoms in S.A. as tydelike en ongewensde immigrante beskou. Onder druk van die Blanke openbare mening het die owerhede sedert die einde van die vorige eeu die regte en voorregte van die Indiërs beperk en repatriasie op verskillende maniere probeer aanmoedig. Geen positiewe stappe is aangewend om die lewensomstandighede van Indiërs in stedelike en landelike gebiede te verbeter of agteruitgang teen te gaan nie. Boerderytoestande het gevolglik so verswak dat hervorming tans uiters noodsaaklik maar besonder moeilik is.

Die aanvaarding van die Indiërgemeenskap in 1961 as deel van die S.A. bevolking het egter 'n nuwe tydperk ingelui. In 1962 het die toenmalige Minister van Indiërsake aangekondig dat die Regering volle verantwoordelikheid aanvaar vir alle Indiërs woonagtig in S.A. en het ook belowe dat daar vir hulle net soos vir die ander rasgroepe gesorg sou word. Tot dusver was verbeteringe egter grootliks beperk tot onderwys en beter behuising in stedelike gebiede terwyl daar nie veel aan die ongewensde toestande in die Indiërboerdery streke gedoen kon word nie weens 'n gebrek aan informasie.

Die Drop-en-Streeksbeplanningskommissie (Pietermaritzburg) het in 1965 die inisiatief geneem en aangebied om die nodige fondse beskikbaar te stel vir 'n omvattende ondersoek na die boerderytoestande in die Indiërgebied op die Noordkus. Die ondersoek word onder toesig van my en prof. R. Davies (Univ. van Natal) uitgevoer. Ons twee is ook versoek om 'n plan of beleid vir die toekomstige ontwikkeling van die Indiër landelikegebied voor te stel waaraan ons op die oomblik besig is. Tot op datum is die volgende ondersoeke onderneem:

a. Die onderverdelings-, grondbesit- en grondbesettingspatrone in die Indiër landelikegebied op die Noordkus: Probleme en moontlike oplossings. (Aan einde van 1969 deur my voltooi en vir my Doktorsgraad in Aardrykskunde ingehandig. In 1970 deur die Dorp-en Streeksbeplanningskommissie gepubliseer).

b. Die Sosio-ekonomiese posisie van Indiërboere. (Deur my, mnr. S. le Roux en prof. R. Davies in Junie 1971 voltooi. Mnr. le Roux, 'n landbou-uitbreidingsbeampte, het die verslag vir sy meestersgraad in Landbou verwerk.)

c. Agro-ekonomiese opname van Indiër landbougebied. (Byna voltooi en word deur my, prof. Davies en mnr. D. Rix, Dept. Landbou, onderneem.

d. Die Landboupotensial van die Indiër landelikegebied. (Op my aanbeveling deur 'n Ingineurs-firma in Durban onderneem en in 1970 afgehandel.)

e. Ek en prof. Davies werk nou gesamentlik aan 'n opsomming van al ons verslae en 'n beleid vir die toekomstige ontwikkeling van Indiër landboustreke.

## 2. DIE AGRARIESE STRUKTUUR

In die beperkte tyd en ruimte tot my beskikking kan ek slegs 'n beknopte opsomming gee van die belangrikste eienskappe van die Agrariese Struktuur in die Indiërgebiede. In 'n poging om die stof so sistematies as moontlik aan te bied word dit onder 'n aantal subhoofde ingedeel.

a) / .....

a) Verbreiding van Indiërplase

Volgens lêers in die Aktekantoor in Pietermaritzburg besit Indiërboere 'n totaal van 2700 eenhede op die Noordkus met 'n totale oppervlakte van rofweg 80,000 acres of een vyfde van die totale oppervlakte van die twee landdrosdistrikte. Die oorgrote meerderheid van die plase is in die strook tussen die Noordkus spoorlyn in die ooste en die Bantoereservate in die weste geleë. Die Indiëreiendomme vorm ongelukkig nie een groot aaneenlopende blok nie maar bestaan uit 'n aantal kleiner konsentrasies wat van 450 acres tot 20,000 acres in grootte wissel en deur eiendomme van Blanke Suikermaatskappe en Privaat Blanke-, Bantoe- en Kleurlingeienaars ingesluit word. Die grootste konsentrasies van Indiëreiendomme is wes van Verulam in die Cotton Lands - Groeneberg gebied, wes van Stanger in die Umvotivallei, in die Nonoti gebied noordoos van Stanger en by Spioenkop Noordoos van Tongaat geleë. Daar is interessante redes waarom Indiëreiendomme in die weste langs die Bantoereservate saamgetrek is maar hierop kan ek ongelukkig nie ingaan nie. Ek volstaan deur te sê dat dit nie as gevolg van wetgewing of inmenging deur Blankes is nie maar die resultaat van spekulasie deur Indiërgrondeienaars.

b) Onderverdeling van grond en plaasgrootte

Die 2700 akte-eenhede in besit van Indiërs wissel in grootte van sowat 'n kwart tot 921 acre. Vyftig persent van die eenhede is kleiner as 11.2 acres terwyl slegs 25% groter is as 22.6 acres.

Aangesien individuele boere nie noodwendig net een akte-eenheid maar tot 32 afsonderlike eenhede mag besit of bewerk en ook nog eenhede of dele daarvan mag huur verskaf 'n analise van die grootte van eiendomme 'n beter aanduiding van die oppervlakte wat deur individuele boere verwerk word. Opnames het egter getoon dat die meeste Indiërboere op 'n beperkte oppervlakte 'n bestaan moet maak. Meer as 54% uit die 1322 gesinne wat op die Noordkus besoek is boer op plasies kleiner as

18 acres terwyl slegs sowat 17% op plase groter as 53 acres boer. Die feit dat sowat 11% van die 1322 boere op plasies van minder as 3 acres en 'n verdere 15% op plasies van 3 - 8 acres 'n bestaan moet maak waarsku dat alles nie pluis is nie. Soos later aangedui sal word is die plaasinkomste hopeloos ontoereikend om in die essensiële behoeftes van sulke gesinne te voorsien en stappe om toestande te verbeter het 'n dringende noodsaaklikheid geword. Enige stappe wat daarop gemik is om klein plasies te vergroot deur een of ander vorm van konsolidasie toe te pas sal moeilik uitvoerbaar wees. Die rede is dat daar selde twee of meer klein plasies aan mekaar grens. As 'n reël kom hulle verspreid voor tussen groter plase.

c) Grondbesit

Drie tipes van grondbesit kan onderskei word nl. grond wat deur indiwudue, aandeelgroepe of maatskappe besit word. Op die oomblik is 70% van alle eenhede in besit van indiwidue, 29% in besit van aandeelgroepe en een persent in besit van maatskappye.

Die gebruik om grond in aandeelgroepe te besit het aanleiding gegee tot 'n uiters ingewikkelde grondbesitpatroon. 'n Groot variasie kan van groep tot groep onderskei word ten opsigte van die getal lede per groep (wissel van 2 - 32), die grootte van aandele wat individuele lede van 'n groep in 'n plaas besit (wissel van die helfte van die plaasgrootte tot 49/2549), die totale oppervlakte wat deur elke lid afsonderlik bewerk word, of die eiendomme in verdeelde of onverdeelde aandele besit word, verwantskap tussen individuele lede, en getal eenhede wat deur die groep besit word (wissel van een tot 26). Verder word die grondbesitpatroon gekompliseer deur die feit dat individuele aandeelhouers ook addisionele plase individueel of in maatskappye mag besit. Dit is derhalwe 'n uiters moeilike en tydsame taak om die oppervlakte wat aan elke grondeienaar behoort akkuraat vas te stel. Dit sal ook ernstige probleme oplewer indien op enige vorm van onteiening van eiendomme besluit sou word om die huidige grondverspreidingspatroon te herorganiseer.

d) / .....

d) Besettingspatroon

Die besettingspatroon het betrekking op die verspreiding van grond tussen die boere wat dit bewerk. Dit verskil wesenlik van die onderverdelings- en grondbesitpatrone aangesien 'n grondeienaar nie noodwendig self sy grond bewerk nie maar dit aan iemand anders mag verhuur. Verder word 'n individuele plaaseenheid nie noodwendig as 'n eenheid bewerk nie maar word dikwels informeel onderverdeel en onder twee of meer persone verdeel. Die resultaat is dat die besettings-patroon nog ingewikkelder as die grondbesitpatroon is. Die eiendom van 'n aandeelgroep mag bv. bestaan uit een of meer eenhede wat deur die groep in aandele besit en bewerk word en een of meer eenhede of dele daarvan wat deur die groep gehuur en bewerk word. Sulke eenhede kan deur die groep gesamentlik bewerk word in welke geval die plaas-inkomste onder die lede verdeel word of die grond kan informeel onder-verdeel word en elk kan sy eie gedeelte afsonderlik bewerk. Individuele lede mag ook nog eenhede individueel besit of huur en bewerk. Dit bly 'n raaisel hoe Indiërboere daarin slaag om so 'n verwarrende onderverdelings-patroon uit te sorteer.

e) Fragmentasie van eiendomme

Soos hierbo genoem is kan eiendomme uit 'n hele aantal stukkies en brokkies grond bestaan. Die verskillende eenhede lê egter nie noodwendig aan mekaar om een gekonsolideerde plaas te vorm nie maar kan los van mekaar lê en oor 'n redelike groot gebied versprei wees - 'n verskynsel wat bekend is as fragmentasie van eiendomme.

Volgens die beskikbare gegewens boer meer as die helfte van die Indiërboere op sulke plase. Die getal afsonderlike eenhede, wat per individu, groep of maatskappy bewerk word wissel van 2 tot 26 wat oor 'n oppervlakte van 2 tot 280 vk. myl versprei kan wees. Hierdie verskynsel is 'n direkte resultaat van die beperkte oppervlakte van individuele eenhede. Dit verplig boere om meer as een eenheid te bewerk.om 'n bestaan te kan maak maar daar is selde 'n addisionele

eenheid / .....

eenheid aangrensend aan die een waarop hy woonagtig is beskikbaar. Die feit dat boere moet rondry tussen verskillende eenhede verkwis baie tyd, verhoog produksiekoste en verlaag die doeltreffendheid van boerdery.

f) Grondgebruik patroon

Indiërboere konsentreer byna sonder uitsondering op suikerrietverbouing ongeag van plaasgrootte ofskoon dit in baie gevalle, veral op klein plasies, nie 'n ekonomiese proposisie is nie. Alhoewel daar 'n dringende behoefte aan diversifikasie bestaan word meer intensiewe en ekonomies meer produktiewe grondgebruike gestrem deur verskeie probleme soos gebrek aanvervoer, onseker markte en gebrek aan besproeiingswater of -fasiliteite om slegs 'n paar te noem. Ek is daarvan oortuig dat daar onder die huidige sisteem van privaat onderneming op klein plasies nie 'n oplossing vir die probleme gevind kan word nie.

g) Boerderypeil

Die doeltreffendheid van boerdery is baie laag en in baie gevalle veral op klein plasies word uiters primitiewe boerderymetodes gevolg. Gedurende ons ondersoek het ons skale ontwerp om boerdery-doeltreffendheid te meet. Volgens die resultate wat verkry is, is die peil op plase kleiner as 60 acres baie laag en neem ook vinnig af met 'n afname in plaasgrootte.

Die 1322 gesinne waarna vroeër verwys is besit 'n totaal van 310 trekkers, 329 ploeë, 426 vragmotors, 350 bakkies, 208 sleepwaens en 313 motors. Die oorgrote meerderheid van die boere moet dus van primitiewe gereedskap gebruik maak of die dienste van ryker boere huur waar en wanneer dit beskikbaar is. Volgens opnoemes moet boere in sulke gevalle tot R14 per acre vir die bewerking van die grond betaal en tot R1.50 per ton vir vervoer.van hulle produkte. Die uitgawes slurp uiteindelik 'n aansienlike gedeelte van die inkomste uit boerdery op. Handearbeid is ook skaars aangesien Indiërboere nie sulke hoë lone

soos / .....

soos in nywerhede of op Blanke plase kan aanbied nie. Die gevolg is dat pa, ma en kinders almal moet inspring om die grond bewerk te kry.

h) Inkomste uit boerdery

In die meeste gevalle is die inkomste wat uit boerdery verkry word onvoldoende om in die minimum behoeftes van 'n Indiërgesin te voldoen. Die „Poverty Datum Line" (broodlyn) is volgens R10.50 per kapita vir landelike Indiërs. 'n Indiërgesin in die landelike gebied bestaan uit 'n gemiddeld van 8 lede. Dit beteken dat 'n minimum inkomste van R84 per maand of R1008 per jaar vereis word om in die basiese behoeftes van die gesin te voorsien. Volgens die beskikbare gegewens het slegs 25% van die boere op eiendomme kleiner as 60 acre 'n netto inkomste van meer as R1008 gehad. Afgesien van euwels soos ondervoeding wat redelik baie voorkom is daar geen kapitaal beskikbaar om boerdery te verbeter nie en word die grond jaar na jaar verder uitgeput. Roofbou word verder gedryf deur twee of meer gewasse per jaar op dieselfde grond te verbou in 'n poging om die plaasinkomste op te skuif.

i) Ouderdom en Onderwyspeil van Indiërboere

Die vraag mag ontstaan waarom die Boere nie liewer elders gaan werk en hulle grond verkoop of verhuur nie maar daar is verskeie faktore wat so 'n moontlikheid uitskakel. Daar bestaan bv. 'n onverklaarbare drang by Indiërs om grondeienaars te wees en baie gee voor dat grondbesit 'n statussimbool onder Indiërs is. 'n Groot persentasie verkies die landelike atmosfeer en noue kontak met familie en vriende bo die geld wat hulle in die stad kan verdien. Heelwat boere het weer heeltemal tereg gesê dat hulle nie eens 'n ordentlike kaal erf in die stedelike gebiede sou kan bekostig met die geld wat hulle vir hulle plasies sou kry nie. Daar is egter ander redes ook wat dit moeilik maak vir boere om alternatiewe werk te kry. Ongeveer

55% van die boere is ouer as 50 jaar terwyl 25% bo 60 jaar is. Hierby kom die feit dat 41% geen formele onderwys ontvang het nie terwyl 76% nie verder as St. 4 op skool gevorder het nie. Die kanse om werk te kry is dus maar gering. Wat sommige boere wel doen is om tydelik êrens te gaan werk as die nood kwaai druk en die boerdery aan die vrouens en kinders oor te laat. Dit is egter net moontlik in gevalle waar boere oor vervoer beskik.

U sal saamstem dat dit onmoontlik is om op al die probleme wat deur Indiërboere ondervind word in te gaan sonder om 'n boek te skryf. U mag nou wonder hoe die situasie verbeter kan word. Ek is oortuig ~~en het ook daarin geslaag om~~ die Provinsiale Owerhede, Dept. van Indiërsake en die Indiërraad ~~te oortuig~~ dat 'n omvattende of komprehensiewe ko-operatiewe organisasie die beste oplossing vir al die menigvuldige probleme sal bied. In hierdie opsig word veral gedink aan 'n ko-operatiewe stelsel soos dit in die Moshau oudim in Israel georganiseer word. Die S.A. Suikervereniging het aan die begin van verlede jaar aan my en prof. Davies 'n beurs toegeken om die stelsel in Israel deeglik te gaan ondersoek en vas te stel hoe ons iets soortgelyks in die Indiërgebied kan skep. Die ondersoek is voltooi en ons werk aan ons voorstelle.